

7 Desember

Skrifgedeelte: Jeremia 15:10-21
Fokusgedeelte: Jeremia 15:20, 21

Die Here versterk sy moedelse getuie

Die man het so opgewonde van sy evangelisasiewerk onder die kerklose mense vertel. Hulle luister na die blye evangelie en in hulle tientalle bekeer die mense hulle tot die Here. Alles klink so maklik en vol vrede. Tog is dit nie altyd die geval nie. Heel dikwels sal 'n getuie van die Here ook hardheid en teëstand ervaar. Jeremia het as profeet juis dit ondervind.

Die Israeliete het van die Here af weggedraai en dit was Jeremia se opdrag om hulle tot bekering op te roep. Hy moes dit duidelik stel dat die Here Hom oor hulle sondes vertoorn en dat Hy sy volk sal straf as daar nie terugkeer tot die Here is nie (vs 13, 14). As profeet het Jeremia so opgewonde met sy werk begin. Hy het die woorde van die Here met vreugde verslind (vs 16). Maar nou het die verset en die aggressie van die mense teen sy boodskap vir hom net te veel geword. Die mense luister nie, maar nog erger – hulle verwerp hom, beledig hom en skuif hom eenkant toe.

Jeremia wil ophou om te getuig. Hy kan nie meer nie. In sy moedeloosheid sê hy dat sy lewe van die begin af net swaarkry ken (vs 10) en dat alles vir hom soos 'n wond wat pyn geword het (vs 18). Hy verloor perspektief en beskuldig die Here dat Hy hom in die steek gelaat het (vs 18).

Die Here is egter geduldig met sy dienskneg. Hy herinner hom weer aan sy roeping en opdrag. Hy gee Jeremia perspektief en Hy bemoedig hom met die belofte van krag en oorwinning, omdat die Here met hom sal wees.

Ons moet ook vandag ons lig laat skyn. Dit gaan dalk nie maklik wees nie, maar onthou dat dit nie 'n alleenpad is nie. Die Here is met jou. Hy weet alles en sal jou sterk maak, bekwaam maak en staande hou.

Sing: Psalm 7:5, 6 (1936)

Dr. SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)